

Julle sonde sal julle uitvind (OP65)

Num 32:1-33

7 November 2021

Die afgelope paar weke het ons gekyk na die gebeure terwyl die volk op die Moabsvlakte was, oos van die Jordaan. Ons het eerstens geleer van die insident met Bileam en Balak. Daarna het ons verskeie aspekte gesien waardeur die Here die volk voorberei het vir hulle komende inname van die land. Laasweek het ons gekyk na die wraak van die Here oor die Midianiete. Enersyds het ons uit daardie gebeure geleer van die oordeel van die Here wat regverdig is, juis omrede Hy daardeur Sy heiligheid beskerm, maar andersyds het daardie groot oorwinning van die Here deur die volk ook die volk bemoedig vir die stryd om die land in te neem.

In die res van die boek Numeri (met die uitsondering van Num 33) val die klem op die verdeling van die land. Die eerste deel hiervan, in Num 32, handel oor die versoek van Ruben, Gad en die halwe Manassestam dat hulle toegelaat word om oos van die Jordaan, dus op die Moabsvlakte, hulle woonplek te ontvang. Ons kyk vandag hierna,

Gebeure in Num 32

Ons begin weereens deur 'n oorsig te vorm van wat hier gebeur het. In verse 1-5 kom Ruben en Gad met 'n versoek. Aanvanklik was dit net Ruben en Gad wat met die versoek gekom het, dit is eers later in die hoofstuk dat ons lees dat die halwe Manassestam hulle ook by Ruben en Gad gevoeg het. Hulle bring hulle versoek na Moses, Eleasar en die volksleiers. Hulle redeneer dat hulle gesien het dat die Jaser en Gileadstreke goeie veewêreld is, en hulle het baie vee. Die Jaser en Gileadstreke is die streke oos van die Jordaan, dit is streke wat aan die Amoriete behoort het, maar in Num 21:21-34 het ons geles dat toe die volk hier aangekom het, het hulle koning Sihon versoek om hulle deur die land te laat trek op pad na die beloofde land, maar hy het hulle deurgang geweier. Gevolglik het die volk oorlog teen hom gemaak, en hom oorwin. Hulle het dieselfde met koning Og gedoen. Die doel was nie om hierdie streke in besit te neem nie, nee, die volk wou net deurtrek. Maar die feit van die saak is, hulle het die gebied ingeneem, en sedertdien woon hulle hier, terwyl hulle voorberei word om die land in te neem.

Omdat Ruben en Gad baie vee het, en hierdie streke goeie veewêreld is, kom hulle dus met die versoek dat hulle toegelaat word om in hierdie streke te bly. In vers 4 redeneer hulle dat die Here tog vir hulle hierdie streke verower het – en daarom wil hulle hierdie streke as besitting ontvang, en gevolglik nie deur die Jordaan trek nie.

Verse 6-15 beskryf vir ons Moses se reaksie op hulle versoek, en dit is baie duidelik dat Moses teleurgesteld is, selfs gefrustreerd en ontsteld is deur hierdie versoek van Ruben en Gad. Moses vra of dit reg sou wees as hulle agterbly oos van die Jordaan terwyl hulle volksgenote deur die Jordaan moet trek en dan sonder Ruben en Gad se hulp die land moet gaan inneem. Hy is oortuig dit sal die volk ontmoedig. Boonop is hierdie voorstel volgens Moses dieselfde as wat destyds by Kades-Barnea gebeur het. Daar het die Here ook die volk tot op die grens van die beloofde land gebring, en toe het die volk ook hulle rug gekeer op die land. Netso het die Here hulle nou tot by die Jordaan gebring, en nou wil Ruben en Gad ook hulle rug op die land keer. Die gebeure by Kades-Barnea het die Here baie kwaad gemaak (vs10), soveel so dat die Here beloof het almal van 20 jaar en ouer sal nie die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob beloof het, sien nie. In vers 14 sê Moses hulle kom nou met basies dieselfde versoek as hulle voorouers – hy noem hulle 'n sondaarsgeslag, oftewel "'n kroos van sondige mense" (OAV). Dit het die potensiaal dat Here nog kwater gaan word, dat hulle nog langer in

die woestyn sal moet bly, en moontlik selfs heeltemal tot niet sal gaan – soortgelyk aan wat ons laasweek gesien het met Midian gebeur het!

In verse 16-19 reageer Ruben en Gad op Moses se beswaar. Nou sê hulle hulle wil krale bou vir hulle vee, en stede vir hulle kinders (gesinne), sodat hulle veilig sal wees – dit is natuurlik die eerste keer dat hulle hulle kinders noem. Hulle onderneem egter om self saam te gaan met die res van die volk. Hulle sal saam met die volk gaan totdat die res van die volk ook hulle bestemming bereik het. Hulle sal eers terugkom nadat die res van die volk hulle besitting ontvang het. Hulle onderstreep verder dat hulle nie verwag om grond wes van die Jordaan te ontvang nie – nee, hulle wil net die gebied oos van die Jordaan hê.

In verse 20-30 lees ons dat Moses instem. Maar hy druk hulle dit baie swaar op die hart dat hulle al hulle gewapende manne moet saamstuur, en dat hulle die res van die volk moet help totdat hulle vyande verslaan is – eers daarna mag hulle terugkom na die grondgebied oos van die Jordaan, en hulle daar vestig en daardie grond uit die hand van die Here ontvang. In vers 23 sê Moses as hulle nie getrou bly by hulle onderneming nie, sondig hulle teen die Here, en moet hulle weet dat hulle sonde hulle sal uitvind (OAV). (In Engels het dit 'n idioom geword: Your sin will find you out).

Moses gee dan opdrag aan Josua en Eleasar dat as Ruben en Gad hulle hou by die ooreenkoms, moet hulle die grondgebied oos van die Jordaan as besitting ontvang, maar indien hulle dit nie nakom nie, moet hulle ook deel van die beloofde land wes van die Jordaan ontvang. In vers 32-33 stem Ruben en Gad in, en in vers 33 lees ons dat die halwe Manassestam ook hierby ingesluit was.

In Jos 1:12-18 as die volk op die punt is om die land in te neem, herinner Josua Ruben, Gad en die halwe Manassestam aan hierdie ooreenkoms, en weereens onderneem hulle om hulle deel van die ooreenkoms na te kom. Hulle het dit dan ook inderdaad gedoen, en in Josua 13 lees ons dat hulle hulle grondgebied oos van die Jordaan as besitting ontvang het toe die beloofde land verdeel is.

Het Ruben en Gad reg opgetree?

Die vraag waarmee ons gekonfronteer word, is of Ruben en Gad reg opgetree het deur vir grond oos van die Jordaan te vra. Ek gebruik 'n aantal kommentare in my bestudering van Numeri, en hulle het verskillende opinies hieroor. Allen redeneer dat die versoek van Ruben en Gad 'n heeltemal redelike versoek was: Immers is dit so dat Ruben en Gad goeie veeboere was – daar is tog niks mee verkeerd nie. En immers was die streke waarvoor hulle gevra besonder geskik vir veeboerdery – dit blyk feitlik ook korrek te wees: Hierdie streke was hoërliggend en het hoër reënval gehad, wat dit besonder geskik gemaak het vir veeboerdery. Voeg hierby: hulle was bereid om die res van die volk te gaan help tot hulle ook hulle grond ontvang het, en hulle het dit inderdaad gedoen. Boonop maak Moses in vers 22 die stelling dat as hulle getrou hulle onderneming nagekom het, sal hulle die grondgebied uit die hand van die Here ontvang as hulle grondgebied. En hulle het dit eventueel ontvang. Moses se ontstelde en gefrustreerde reaksie na hulle aanvanklike versoek, was bloot 'n misverstand aan Moses se kant, maar dit is opgeklaar na Ruben en Gad hulle saak beter gestel het. Volgens Allen het ons hier 'n soortgelyke versoek as wat die dogters van Selofgad gebring het, toe dit vir hulle duidelik geword het hulle gaan nie 'n deel van die land kry nie. Soos hulle versoek toegestaan is, so is die versoek van Ruben en Gad ook toegestaan.

Wenham en Philip verskil in hulle kommentare egter van Allen, en dit lyk my Calvyn het ook hiervan verskil. Trouens, dit lyk vir my die mees algemene siening is dat Ruben en Gad hier verkeerd opgetree het, en ek skaar my ook by hierdie siening. Kom ons kyk hierna.

In die eerste plek, wat was die werklike motivering van Ruben en Gad? In hulle aanvanklike versoek aan Moses was hulle motivering dat hulle die gebied as goeie veewêreld sien wat besonder geskik is vir hulle suksesvolle veeboerdery. Op sigself is dit seker 'n redelike redenasie. Maar jy moet ook in gedagte hou wat hulle prys gee in ruil vir die goeie veewêreld – hulle gaan nie deel van die beloofde land ontvang nie. Ja, jy kan redeneer hulle het gehoop dat die deel oos van die Jordaan sodoende ook deel sou word van die beloofde land, maar onthou nou die volgende:

- Toe die volk by Kades-Barnea hulle rug op die beloofde land van die Here gedraai het, het die Here dit in 'n baie ernstige lig gesien. Nie net het Hy besluit dat daardie hele geslag in die woestyn moes sterf nie, Hy het ook die volk vir 38 jaar deur die woestyn laat swerf. Ruben en Gad, het julle mooi gedink oor die implikasies voor julle julle versoek gerig het?
- Die belofte van die beloofde land gaan baie verder terug as Kades-Barnea. Dit gaan ongeveer 600 jaar terug, tot by Abraham. Selfs na al hierdie gebeure lees ons in Num 34 'n beskrywing van die landsgrense, en spesifiek in verse 10-12 lees ons dat die Jordaan die oostelike grens is van die beloofde land. Hierdie streek was nie deel van die beloofde land aan Abraham nie, en selfs hierna word dit nie as deel daarvan beskou nie. Trouens, die volk het dit in besit geneem bloot omdat Sihon hulle nie daardeur wou laat trek nie. Ruben en Gad, het julle mooi gedink voordat julle gevra het dat die Here Sy verbondsbeloftes moet wysig ter wille van julle veeboerdery?
- Ruben en Gad het die gebied oos van die Jordaan beoordeel as geskik vir veeboerdery. Maar wat van die beloofde land self? Met wie het Ruben en Gad gaan praat om uit te vind wat die situasie wes van die Jordaan was? Die enigste twee lede van hulle stamme wat destyds die beloofde land verken het, is reeds 38 jaar gelede oorlede. Al wat oorgebly het, was Josua en Kaleb, en hulle het in Num 14:7-8 by Kades-Barnea die land al beskryf as 'n buitengewoon goeie land wat oorloop van melk en heuning. Voeg hierby hoe die Here hulle oor en oor Sy mag getoon het, dat Hy vir hulle gesorg en hulle bewaar het. Ruben en Gad, dink julle werklik dat julle nie 'n goeie veeboerdery in die beloofde land sou kon bedryf nie?
- Vervolgens, Ruben en Gad, wat presies is julle motivering? Is dit dat julle 'n suksesvolle veeboerdery kan bedryf, of is dit dat julle julle kinders die oorlog wil spaar? Eers het julle julle veeboerdery as rede aangevoer, en toe julle versoek bevraagteken is, het julle julle kinders se veiligheid bygevoeg.
 - As julle motivering julle veeboerdery is, is julle seker julle redeneer nie dieselfde as Lot in Gen 13:10-11 nie? Hy het die Jordaanstreek gekies omdat dit volop water gehad het en aanloklik was soos 'n tuin, terwyl dit ook vol goddeloosheid was – Sodom en Gomorra was daar. Dit lyk of julle op dieselfde manier redeneer – julle sien die goeie veewêreld raak, en is bereid om buite die beloofde land te gaan woon ter wille daarvan.
 - As julle motivering die veiligheid van julle kinders is, het julle lang termyn gedink – selfs tot na die land ingeneem is? Waar sal hulle dan die veiligste wees: in die beloofde land of oos van die Jordaan? Onthou verder die Here het julle die land beloof, Hy sal julle dus bewaar as julle dit inneem, soos Hy die 12 000 bewaar het tydens die pas afgelope oorlog met Midian. Of is die werklike probleem dalk dat julle nie die Here vertrou dat Hy julle kinders sal bewaar as julle die land inneem nie? (Die geskiedenis sou later bewys dat die stamme oos van die Jordaan meer uitgelewer was aan die vyande van die volk. In 2 Kon 15:29 en 1 Kron 5:26 lees ons dat Tiglat-Pileser van die Assiriërs eerste vir Ruben, Gad en die halwe Manassestam weggevoer het met die Assiriese ballingskap.)

- En, terloops, Ruben en Gad, julle versoek is fundamenteel verskillend van die versoek van Selofgad se dogters. Hulle versoek was om juis grondgebied binne die beloofde land te mag ontvang, terwyl julle versoek is om juis nie grond binne die beloofde land te ontvang nie, maar wel buite die beloofde land.

In Gen 49 seën Jakob sy seuns as hy op sy sterfbed lê. In vers 3-4 seën hy vir Ruben met die woorde: “Ruben, jy is die oudste, toonbeeld van my krag, gebore toe ek in my fleur was; jy is die vernaamste, die sterkste. Maar jy sal nie langer die vernaamste wees nie, want soos stormwater was jy onstuimig”. Ruben was natuurlik Jakob se oudste seun, maar as gevolg van die feit dat hy hom vergryp het aan ‘n vrou van sy pa, was hy nie meer gesien as die oudste/vernaamste nie. Jakob het hom beskryf as onstuimig soos stormwater – en ons sien iets van Ruben se onstuimigheid ook in hierdie gebeure: Hulle kon nie wag tot hulle in die beloofde land is nie. Sommige kommentatore wonder of Ruben nie dalk op hierdie manier stilweg probeer het om hulleself voor te hou as die nageslag van die oudste seun nie, wat nou geregtig is om eerste grondgebied te kry nie.

As jy na al die gebeure kyk, dan lyk dit tog of Ruben en Gad baie swaar oorweging gegee het aan tydelike voordele soos ‘n goeie omgewing vir veeboerdery en veiligheid van hulle kinders tydens die inname van die beloofde land, ten koste van nougesette navolging en deelname aan die verbondsbeloftes van die Here. Dit is natuurlik so dat die Here en Moses toegegee het aan die versoek van Ruben en Gad. Hulle hét oos van die Jordaan gaan woon. Ons moet egter onthou dat die doel met die gebeure in Numeri is dat dit voorbeelde en waarskuwings is vir ons. Ons het die voordeel om die lang termyn uitwerking te kan sien – dit het nie ‘n goeie uitkoms vir Ruben, Gad en die halwe Manassestam gehad nie, hulle is eerste weggevoer tydens die ballingskap. Ons moet dus sê dat die Here aan hulle versoek toegegee het met die doel dat hierdie uiteinde duidelik sal word, en natuurlik dat dit vir ons duidelik sal word sodat ons daaruit kan leer. Ons het hier ‘n voorbeeld waarvan Ps 106:15 praat: “Toe het Hy hulle gegee wat hulle gevra het, maar hulle van siekte laat wegteer”.

Nuwe Testamentiese perspektief

Kom ons kyk na ‘n paar Nuwe Testamentiese gedeeltes wat iets soortgelyks leer as wat ons in Num 32 leer. Die eerste gedeelte waarna ons kyk is die ryk jongman in Mark 10:17-31. Hierdie jongman wou deel kry aan die ewige lewe. Hy was onder die indruk hy het al ver gevorder deurdat hy onder die indruk was dat hy nougeset die geboorte van die Here nagekom het. Maar as Jesus vir hom sê hy moet al sy besittings gaan verkoop en die geld vir die armes gee en dan vir Jesus volg, word sy ware kleure duidelik: sy besittings is belangriker as die koninkryk – soos wat ons die indruk kry by Ruben en Gad: die veeboerdery en hulle kinders se veiligheid is belangriker as om in die beloofde land te gaan woon. Jesus verduidelik dan vir Sy dissipels hoe moeilik dit is om in die koninkryk van God (kan ons maar sê in die beloofde land) in te gaan – dit is makliker vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te gaan as vir ‘n ryk persoon (‘n suksesvolle veeboer) om in die koninkryk te kom. Dit verg niks minder nie as ‘n werk van God. In vers 29-30 sê Jesus: Daar is niemand wat ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of ma of pa of kinders (hoor julle, Ruben en Gad?) of eiendom (hoor julle, Ruben en Gad?) nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel, huise en broers, en susters en moeders en kinders en eiendom (Ruben en Gad, selfs ‘n goeie veeboerdery), saam met baie vervolging (Ruben en Gad, die punt is nie om swaarkry te probeer ontvlug nie, dit is deel van gelowige wees in ‘n sondegevalle wêreld) en in die bedeling wat kom, die ewige lewe (Ruben en Gad, dit is die punt! En jy kry deel hieraan deur so naby as moontlik aan die Here se verbondsbeloftes, waar Hy juis hierdie ewige lewe beloof, te leef – en dit is binne die beloofde land, nie oos van die Jordaan nie).

Lees Mark 8:34-37. Hier leer Jesus Sy volgelinge dat hulle hulleself moet verloën, Sy kruis moet dra en Hom moet volg. Hy leer hulle nie net dat hulle bereid moet wees om hulle lewens ter wille van Hom en die evangelie te verloor nie, maar juis dat hulle dit sal behou deurdat hulle dit verloor! Dit help net eenvoudig nie al sou jy die hele wêreld as wins verkry nie, dit help net eenvoudig nie al is jy die suksesvolste veeboer, as jou sukses tot gevolg het dat daar afstand tussen jou en Jesus is nie, as jy oos van die Jordaan moet woon ver van die tempel af ter wille van jou veeboerdery nie. Nee, jy moet bereid wees om kruis te dra, om selfs jou lewe te verloor, om selfs die veiligheid van jou kinders ondergeskik te stel aan nabyheid aan Jesus, aan nougesette navolging van Hom.

Lees Jak 1:5-8. Hier word ons opgeroep om te bid – om gelowig te bid. Dit beteken ons moet nie dubbelhartig wees nie, ons moet nie altyd aan die twyfel wees nie. Dit beteken ons moet nie altyd wonder oor wat die belangrikste is nie: my veeboerdery, my kinders se veiligheid, of om te woon in die beloofde land nie. Maak seker jy weet wat die beloftes en opdragte van die Here is – dit is die hoogste prioriteit, alles anders is ondergeskik daaraan – selfs al beteken dit ek moet kruis dra in hierdie wêreld.

Implikasies vir ons

Ek glo die beginsel is duidelik: Soek eers die koninkryk van God – dit is die hoogste prioriteit. Alles anders in ons lewens behoort ondergeskik te wees hieraan. My hoogste passie, my grootste ywer, my mees energieke entoesiasme behoort te wees om self deel te kry aan die koninkryk van die Here en om te werk vir die uitbreiding daarvan. Dit beteken ek beywer my doelbewus daarvoor om my lewe so in te rig dat ek met God se koninkryk gekonfronteer sal word. Dit is belangriker as my werk, dit is belangriker as my gesin, dit is belangriker as my gesin se veiligheid, dit is belangriker as my bankbalans, dit is belangriker as my sosiale status – dit is die belangrikste! Nie net is dit waar ek die seën van die Here kan verwag nie, maar dit is die enigste fokus wat vir my sekuriteit kan gee beide in hierdie lewe, en in die ewigheid hierna. Boonop, as ek hier fokus, voldoen ek juis aan die doel waarvoor God my geskape het.

Ongelukkig lyk dit vir my of baie gelowiges bereid is om met minder tevrede te wees. Dit is asof hulle nie bereid is om met volle oorgawe en entoesiasme die koninkryk van God te soek nie. Dit is asof hulle nog 'n oog op hierdie wêreld wil hou. Hulle wil eintlik in die beloofde land leef, maar daar is tog ook soveel dinge buite die grense van die beloofde land wat hulle trek. En die gevolg is dat hulle tevrede is om naby aan die beloofde land te leef – net oos van die Jordaan, daar waar hulle goed met vee kan boer en tog ook nie te ver van die land af is nie. Kyk na die volgende:

- Alhoewel ons in 'n sogenaamde Christelike samelewing leef, krimp baie gemeentes en baie moet selfs hulle deure sluit. Getroue en gereelde erediensbywoning is 'n voortdurende uitdaging. Dit kompeteer met sportbyeenkomste, kultuurbyeenkomste, tyd saam as gesinne, uitstappies in die natuur, werksverpligtinge en noem maar op. Eredienste word dikwels slegs bygewoon as dit nie bots met enige van hierdie ander opsies nie – dit lyk my veeboerdery buite die beloofde land is belangriker.
- Vir baie van diegene wat wel in die eredienste is, lyk dit nie juis of hulle dit as 'n voorreg beskou of as 'n geleentheid om die Here met entoesiasme te aanbid nie. Sang is traag en lusteloos, gebede is dikwels geykte gebede, prediking is 'n plig eerder as 'n voorreg – oënskynlik wil baie eerder by die vee wees.
- 'n Honger om werklik soveel as moontlik van die Here en Sy openbaring te leer, is baie skaars en afwesig by baie sogenaamde gelowiges. Solank hulle die basiese elemente van die evangelie verstaan, is hulle tevrede. Daar word geredeneer: hulle is mos gered – hoekom nog meer leer? As jy die ywer waarmee hulle van veeboerdery leer, vergelyk met die ywer

waarmee hulle van die beloftes van die Here leer, lyk dit of hulle ook eerder oos van die Jordaan wil leef. Voorbeeld: 'n Wyle gelede het 'n predikant in 'n groot Afrikaanse kerk vir my gesê hy verstaan glad nie waar die dood vandaan kom nie! Is dit wat mens sou verwag na toegewyde studie deur voorgangers in gemeentes om die Here se openbaring te verstaan?

- Ywer om die evangelie uit te dra, is ook in 'n krisis. Dit is nou al geruime tyd dat hierdie maar 'n netelige saak is wat met moeite aandag geniet in gemeentes. Maar dit lyk my die saak is besig om al ernstiger te word: Ek lees in die nuutste Kerkblad van die Gereformeerde Kerk dat daar nog nie 'n enkele eerste jaar ingeskryf het vir teologiese studies in 2022 aan die teologiese skool nie. Het veeboerdery heeltemal die oorhand gekry?

Die vraag wat aan ons gestel word, is: Wil ons werklik in die beloofde land leef? Is dit die hoogste prioriteit vir ons? Of is die ideale oplossing vir ons om die beloofde land te kombineer met wat die wêreld ons bied – en gevolglik wil ons ook oos van die Jordaan leef. Wees gewaarsku: Num 32:23 waarsku ons: Jou sondes sal jou uitvind! Met verloop van tyd sal dit duidelik word wat weeg die swaarste, en dan sal jy jou ware kleure wys. Ruben en Gad is op die ou end Assirië toe. Wees gewaarsku, dat dieselfde nie met jou gebeur nie!